# Leestekens

## Hoofletters:

1. Ons begin 'n sin met 'n hoofletter.
2. As die sin met 'n begin, word 'n met 'n klein letter geskryf en die woord na 'n met 'n hoofletter.
3. Ons skryf name, vanne en voorletters van mense met hoofletters.
4. Name van diere, dorpe, stede, strate, plase, provinsies, woonbuurte, winkels en riviere word met 'n hoofletter geskryf.
5. Dae van die week en maande van die jaar kry ook hoofletters,

## Punte:

1. Ons sit 'n punt aan die einde van 'n sin.
2. By afkortings gebruik ons 'n punt.
3. By voorletters gebruik ons 'n punt.

## Kommas:

1. Ons gebruik 'n komma voor die woorde **want** en **maar.**
2. Kommas word ook gebruik tussen 'n lys woorde i.p.v. om elke keer en te gebruik.

## Uitroepteken:

1. Ons skryf 'n uitroepteken na 'n uitroep of na woorde wat sê of ons bly, hartseer of kwaad is.

## Vraagteken:

1. Die vraagteken word aan die einde van 'n vraag geskryf.